Mandisa was born and brought up in London and is accustomed to a western style of living with very little influence from the African culture that her father, Themba, came from. This could be due to the fact that her mother was from the West Indies. The combination of cultures has resulted in Mandisa's very western way of thinking. She treats death in a very matter of fact way and later in the play she even suggests that she and Thando go out for the night although rightfully according to her father's culture she should be in a period of mourning. She challenges Sipho's authority and questions his decisions, something Thando will not do and is

something that shocks Siphso.

(Accept other well-motivated points.)

(Accept other well-motivated points, and mark holistically.)

(6)

7.5

Characters –The characters in the play are fully rounded, well-developed characters with a strong historical background. They reflect the lives of normal everyday people. Audience members can identify easily with them and their joy, laughter, tears and pain. The play is relevant today because the characters reflect the clash between young and old, between traditional and modern. The conflict they experience is what is experienced by many people today. So the characters' lives give us insight into complex family relationships, conflict and how problems can be resolved amicably.

Dialogue – The dialogue is everyday language and the realistic plot is driven through a series of conversations and arguments which reveal the ultimate truth of the situation, the characters and their points of view.

It is simple and very conversational thus drawing the audiences in. They would be able to identify with the characters and their feelings and respond to the issues that are raised.

Subject matter – The subject matter is topical and relevant. Detailed accounts of family life such as sibling rivalry, love, loss etc. and life outside the home are brought into the conversations. The subject around the Truth and Reconciliation Commission is accurate and detailed and informs the audience of current issues and events. The importance of truth is highlighted and how each person experiences his or her own truth is addressed. Comparisons of expectations of life in post apartheid society. Everyone wants compensation for past suffering.

Nothing but the Truth is relevant today because it highlights a family situation portrays conflict in a household post apartheid. It is very topical and would affect any family in South Africa. The clash between culture and traditions and sibling rivalry are issues that confront people often especially in post apartheid South Africa. Cultural lines are tending to blur especially with the young and old traditions and values are being forgotten. The play highlights the tension that can be caused by issues such as culture, traditions and sibling rivalry and provides some solutions to the problems raised.

(Mark candidates' responses holistically.)

MARKS	7.5	LEVEL DESCRIPTORS
7–8	Very good	Candidate is able to answer fully, directly referring to all three aspects in the play. He/She discusses the characters, dialogue and subject matter of the play and is able to discuss clearly the relevance of the play to society. Well substantiated.
4–6	Average	Candidate explains the characters, dialogue and subject matter at a basic level and attempts to connect to text. He/She makes some attempt to say why the play is relevant in society today.
0–3	Weak	Candidate tends to make generalised statements about the characters, dialogue and subject matter of the play with simple, vague reference to the text.

(8)
[30]

VRAAG 8: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE

Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.

8.1 Realism, Realistic style and 'a slice of life' theatre. Also accept answers relating to the acting methods of Stanislavsky.

(1)

8.2 The set of the play should reflect realism. The set realistically portrays an isolated guesthouse, called Garnet Lodge, in a small port town that is situated on the West coast of South Africa. The action of the play takes place in the large communal room. All aspects of the set are realistic and believable and thus the actors handle the set and act in it in a realistic manner. The set would give the audience the illusion that they were looking through the fourth wall of the room. It is important to note that the set tells us almost nothing about the characters of the play. Although it reflects the tastes and lifestyle of the lodge's absent owners, the setting suggests that none of the characters are at home in it. The large communal room is divided into 2 areas: the *dining area* consisting of a table with four chairs, a dresser with shelves and a music centre. (The kitchen entrance is in the centre of the upstage wall.)

The *sitting area* has two armchairs, a two-seater and a table. There is a coffee table and a window stage right that looks onto a garden. Upstage of it is a doorway that leads to a stoep and the garden.

The third entrance leads to the inner house.

The room is cluttered and overly decorated and the many ornaments and adornments represent the close influence of the sea (e.g. anchor, fishnets, buoys, driftwood pieces, seashells etc.)

MARKS	8.2	LEVEL DESCRIPTORS
5–6	Very good	Excellent discussion of the set of the play. Candidate discusses the different areas in a comprehensive manner. He/She demonstrates a clear and complete understanding of the realism reflected by the set of the play.
3–4	Average	The candidate does not discuss all aspects of the set. He/She mentions the different areas but doesn't link the set to realism. The answer shows basic knowledge. For 3 marks: answer is simplistic and basic.
0–2	Weak	The candidate does not understand the question. Names the spaces but doesn't elaborate on the set or its realistic style. The answer is vague and not logically structured.

(6)

- 8.3 This refers to Johan's luck as a diamond diver. He is hoping that he will discover a large haul of diamonds – in the language of the miners called a "jackpot" – so that he and Thami can buy a diamond concession on the nearby river. (3)
- 8.4 8.4.1 Thami is referring to Johan's past when he killed Julius Thwalo. (2)
- 8.4.2 Because of the murder of Julius Thwalo, Johan was treated as a scapegoat by white society. He was disgraced as a policeman and thrown out of the police force for this so-called negligent killing. Even though this event happened in his past and he was "punished" for it, Johan still chastises himself for what happened. His deep sense of guilt is very important to the play. It may be said to be the driving force behind his desire to help Thami, and to be accepted into Thami's world.
Johan is desperate for redemption, and it becomes evident in the last scene that, to his mind, helping Thami to achieve a better future is his only way to it. But he also wants Mr Smith, whom he identifies as representing those middle class whites who allowed him to take the blame for apartheid's dirty work, while they got on with their lives, to feel the same kind of consuming guilt that he does and to recognise an equal need for redemption.
Accept TWO points that are well motivated or FOUR points that are briefly discussed. (4)
- 8.5 Accept other well-motivated answers that relate to the text and characterisation. Award 2 marks for vocal and 2 marks for physical performance.

In lines 5 Johan is shocked. The actor needs to show this by making use of a pause that precedes his words, and filling this pause by keeping his body still and using facial expressions to show the shock on his face. When he then speaks, he will make use of a lower vocal tone and he will say the words slowly. This would create suspense.
In line 7 Johan would build up the tension by speeding up his words slightly and speaking them with more emotion. He would also project his voice now. He could possibly also take a step closer to Thami and his body would carry the energy of the realisation of what Thami is saying. (4)
- 8.6 Up to this moment in the play, Johan has had the upper hand in *physical power* and portrayed a lot of physical energy while Thami has been quieter and more reserved physically. But Thami has more *intellectual power* than Johan because in charged situations he thinks rationally and clearly and he is a few steps ahead of Johan when it comes to making plans for his future. Thami also has the upper hand in *emotional power* because he displays emotional intelligence far above that of Johan. (An example of Johan's lack of emotional power is that he acts out of the unresolved emotions from his past without thinking of the consequences his actions will have.)

Thami hides his power until now in the play. Although Thami is the more placid of the two characters, he doesn't show any fear when Johan uses his physical power and takes up the knife. This is because Thami takes control of the situation – he reveals that he has never had any intention of really sharing a future with Johan. Johan is devastated by this news, and resorts to threatening Thami with the knife. Thami is unfazed, however, by this physical display of power and invites Johan to kill him, just like he killed the unarmed township man. When Johan cannot do this, the shift in power in their relationship is final. Now the roles are reversed. Johan relinquishes the knife to Thami and waits to be stabbed. Thami does not stab Johan however. Instead, he retrieves Smith's belongings from Johan and sends him out. When Johan leaves, the shift in power is complete.

MARKS	8.6	LEVEL DESCRIPTORS
5–6	Very good	Candidate is able to answer clearly and directly referring to the display of personal power play. He/She discusses the relationship between the two characters and the shifting power base from Johan to Thami. The candidate focuses on the uses of physical power, intellectual power and emotional power.
3–4	Average	Candidate explains the shift in power at a basic level and connects it to the characters (e.g. that Johan has physical power but Thami is quieter and hides his power until now in the play).
1–2	Weak	Candidate tends to make generalised statements about the plot of the play with simple, vague reference to the shift in power.

(6)

- 8.7 The candidate may answer *Yes* or *No*. Give credit for an answer that is properly motivated and refers to examples in the text.
Award ONE mark for yes/no, and 3 marks for the motivation thereof.

Possible answers:

No. The history of Apartheid is so interwoven with the text that an audience who doesn't understand the history of the play will not grasp the nuances of the play. Also the main themes of the play revolve around the issues of post-Apartheid, influencing all three characters and their dealings with each other. One cannot fully grasp what the friendship between Johan and Thami means without understanding the racism of Apartheid. Also, the socio-political background of South Africa is in a metaphorical sense the groundswell referred to in the title of the play.

Yes. The play allows the audience to focus on the characters as human beings – it is not a history lesson. *Groundswell* is about a power struggle fuelled by greed and desperation – a human story that every audience member, regardless of their knowledge of Apartheid, would be able to enjoy. It is also a suspense thriller that keeps the audience engaged with what is happening onstage. Each character in the play is at the end of his rope and because of the realistic style of the acting, the audience will relate to the characters and their problems. The setting becomes an emotionally charged and dangerous environment where suspense builds up towards a climax – this would certainly draw in and appeal to all audiences, regardless of their pre-knowledge of the history of Apartheid.

(4)
[30]

VRAAG 9: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS

- 9.1 9.1.1 Gee EEN punt vir die naam van die karakter en TWEE punte vir die rede. Kandidate kan enige EEN van die volgende karakters kies: Tiemie, Ma, Giel, Tjokkie, Fé of Albertus. 'n Voorbeeld kan die volgende wees:
Tiemie. Alhoewel Tiemie in die suburbs woon, is sy die enigste karakter wat kan uitstyg na die wêreld van die 'dandies' omdat sy daar werk. Die suburbs kan gesien word as die verkeerde kant van die spoor en die 'dandie'-wêreld is 'n hoër stand. Sy is ook die enigste karakter wat in die teks beskryf word as iemand wat 'klas' het. (Jakes sê byvoorbeeld: *Tiemie is 'klas'.*) (3)
- 9.1.2 In die onderste wêreld van die suburbs, ook genoem die 'tang'-wêreld. Sybil was Jakes se vrou en hulle is albei voorbeelde van die laagste soort suburb-bewoners. Hulle is 'low class'. (2)
- 9.2 **Tiemie** strew om te ontsnap uit haar omgewing. Sy is in opstand teen die leefwyse waarin sy haar bevind en streef na 'n beter lewe. Tiemie is mooi, intelligent en het 'n goeie werk. Tiemie is die buitestander by haar werk, maar streef daarna om deel van die leefwyse van die 'dandies' te wees. Haar mense is sosiale uitgeworpenes en dit voel vir haar asof hulle nie bestaan in die denke van die gemeenskap nie:
Sy sê: "*Weet Ma, hulle weet nie van ons nie ... by die werk, hulle dink ons bestaan nie ... Ek wil van geweet wees, Ma ...*"

Sy skaam haar vir haar omgewing en die 'dandies' moet haar ver van die huis aflaai. Tiemie kry dit egter nie reg om te ontvlug nie, sy raak verstrikt in haar eie sensualiteit. Sy vrees dat sy moontlik swanger is. Dit sou beteken dat sy nie sal kan ontsnap van haar verstikkende omgewing waarteen sy haar verset nie.

Dit wat kenmerkend is aan haar: haar sensualiteit en haar 'stuck-up'-heid beteken ironies genoeg haar ondergang, want dis die kenmerke wat Jakes aantrek. Tiemie se kanse op sosiale verbetering word deur haar verhouding met Jakes bederf, omdat dit haar dieper in die suburbs intrek, haar "vasknip" aan "dié nes".

Ma se losbandige lewenswyse het vir Tiemie groot pyn veroorsaak – sy is deur die skoolkinders gespot omdat sy nie weet wie haar pa is nie. Sy streef na 'n lewe wat beter is as die een waarin sy grootgeword het. Maar Tiemie is uiteindelik net soos Ma. Sy haat die lewe in die suburbs, maar sy is opgesaai met haar erflike eienskappe, haar begeerte na die 'tang' (Jakes).

PUNTE	9.2	BESKRYWER
9–10	Uitstekend	Antwoord is gefokus, die kandidaat ken en verstaan alle kenmerke van die karakter en verbind die karakterisering met die aanhaling. Antwoord is goed gestruktureerd. In die bespreking toon die kandidaat insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks.
7–8	Goed	Kandidaat noem alle karaktereienskappe. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig en daar word in 'n mindere mate verwys na die aanhaling. Kandidaat toon goeie begrip, voorbeelde uit die teks om te motiveer.
5–6	Bevredigend	Kandidaat bespreek die basiese eienskappe van die karakter, maar daar kort inligting in die antwoord. Die belangrikste aspekte word wel bespreek, maar die antwoord kort diepte. Min voorbeelde uit die teks.
3–4	Elementêr	Die basiese karaktereienskappe word bespreek, maar kernidees kom kort. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit.
0–2	Swak	Min of geen poging om die vraag te beantwoord. Kandidaat verstaan nie die vraag nie.

(10)

- 9.3 9.3.1 Giel het finansiële probleme omdat hy op "die perde speel." As gevolg van sy geldprobleme wil die Jood Stroud die masjien waarop hy kitscherige muurtekste druk (sy "kuns"), afneem. Giel het geld op 'n perd gewed wat verloor het, en nou kan hy Stroud nie betaal nie. Giel het dus dringend geld nodig om vir Stroud te betaal.

(3)

- 9.3.2 (Aanvaar ook verwysings na Stanislavski, asook ander gemotiveerde verwysings na vokale en fisiese vertolking. Nasieners moet kandidaat se kreatiwiteit en insig beloon – gee erkenning vir gemotiveerde antwoorde.)

Gee DRIE punte vir vokale vertolking en DRIE punte vir fisiese vertolking.

Vokale vertolking: Jakes is 'n laeklas karakter en sy spraak sal dit verrai. (Hy praat bv met 'n 'plat' uitspraak en nie gemoduleerd nie.) Die akteur moet goed kan projekteer omdat onderprojeksie en 'n sagte stemtoon nie pas by Jakes se karakter nie. Verder moet die akteur oor 'n goeie stemomvang besit omdat Jakes van beide lae en hoë tone gebruik maak. Die akteur moet oor goeie vokale energie besit.

Jakes sal reël 1 redelik lighartig sê omdat hy uitsien na die drankie wat hy skink. Wanneer hy die rympe in reëls 4–7 vertolk, sal dit met humor, genot en jovialiteit gedoen word en Jakes sal hierdie reëls nie ernstig sê nie. (Aanvaar as kandidaat noem dat hy dit *gemaak* ernstig en plegtig vertolk.) Die akteur sal reël 10 met vertoon sê – anders as Giel is hy nogal trots op sy 'moeilikheid' en hy kan 'n grootpraterige toon aanneem. Hy sal "jýt" beklemtoon en 'n klein pouse gebruik voor hy die tweede sin sê.

Fisiese vertolking: Jakes gebruik groot gebare en as gevolg van die status en rol wat sy karakter binne die drama het, sal hy by tye fisies oordonderend oorkom. Sy gebare en fisiese vertolking dra 'n gemaklikheid oor. Daarby moet die akteur die hantering van die bottel en glase en die insink van die drank natuurlik kan uitvoer terwyl hy praat.

In reël 1 sal hy van 'n handgebaar gebruik maak om Vir Giel en Ma nader te nooi. Tydens die rympe in reëls 4–7 sal Jakes vir hom en Giel drank insink en die akteur sal die tydsberekening hiervan reg moet kry sodat Jakes klaar geskink is aan die einde van die rympe. Jakes sal moontlik sy glas aan die einde van die rympe teen Giel s'n klink voordat hulle die drank drink.


In reël 10 sal Jakes van 'n gebaar of kopbeweging gebruik maak om "jýt" te beklemtoon.

PUNTE	9.3.2	BESKRYWER
5–6	Baie goed	Kandidaat beantwoord die vraag duidelik en direk. Hy/Sy het 'n omvattende begrip van die karakter van Jakes en hoe 'n akteur die karakter sal vertolk. Kandidaat fokus op beide vokale EN fisiese vertolking en alle voorbeelde word deur die teks gemotiveer. Kandidaat toon insig en kreatiwiteit in sy/haar antwoord.
3–4	Gemiddeld	Kandidaat noem aspekte van die vokale en/of fisiese vertolking, maar die antwoord kort diepte en is nie insiggewend nie.
0–2	Swak	Die antwoord is vaag. Kandidaat toon nie begrip van die karakter van Jakes nie. Hy/Sy verbind nie die karakter of uittreksel met die vokale en fisiese vertolking van die akteur nie.

(2 x 3)

(6)

9.3.3



EEN punt word toegeken vir die plasing van elke karakter, EEN punt vir die verduideliking vir die karakters.

Fé gaan staan verhoog links – voor by die Buick wat voor die garagedeur staan. Sy staan naby Tjokkie wat besig is om onder die motor te werk terwyl die gesprek tussen Giel en Jakes plaasvind. Giel en Jakes sal naby aan mekaar wees terwyl hulle drink. Giel se stoel is op die stoepie wat voor verhoog regs is, en Jakes sal by hom sit of staan.

(Aanvaar ander moontlikhede vir die posisies van Giel en Jakes, mits dit uit die teks en stel gemotiveer kan word.)

(3 x 2)

(6)
[30]

VRAAG 10: MIS DEUR REZA DE WET

- 10.1 10.1.1 Die Groot Depressie: Op 'Swart Donderdag', 25 Oktober 1929, het die New Yorkse aandelebeurs in Wall Street in duie gestort. Die ekonomiese ineenstorting het dwarsoor die wêreld weerklank gevind en dit was die begin van die Groot Depressie.
- Toe die Depressie in 1929 'n werklikheid geword het, het die pryse van landbouprodukte in duie gestort. Baie boere het in die verlede, toe dit goed gegaan het, hul plase oorgekapitaliseer. Groot verbande is op plase uitgeneem. Toe die pryse van produkte in die Depressie in duie stort, is die landboubedryf die swaarste getref. Wol, wat een van die land se grootste uitvoerprodukte was, het feitlik waardeloos geword. Ander landbouprodukte het gevolg.
- Suid-Afrika is ook deur een van die **grootste droogtes** ooit geteister. Dit het die situasie verder vererger. Boere het **bankrot** gespeel toe die banke die verbande begin opeis het. Die boere het geen heenkome gehad nie en het **na stede begin trek** op soek na werk, maar daar was nie werk nie. Die industrieë is net so swaar getref. Die **werkloosheidsyfer** het die hoogte ingeskiet. Mense het na myne begin trek in die hoop om werk te kry, en die ondergrondse werk het **gesondheidsrisiko's** ingehou. Dit was die begin van die **'armblankevraagstuk'**.
- Mis speel in die Depressiejare af toe die Afrikaner groot armoede beleef het. (4)
- 10.1.2 **Miem:** Miem moet sonder haar man 'n sukkelbestaan op die kleinhoewe voer. Sy en Meisie werk goingsakke aanmekaar wat hulle vol mis maak en dan aan die boere verkoop vir 'n inkomste. Miem moet noodgedwonge die leiding in die huishouding neem, 'n rol wat tradisioneel deur die man geneem word, omdat Gabriël op die solder is. Sy mis haar man en mangeselskap en erken aan Konstabel dat dit vir haar moeilik is om so sonder 'n man te bly. (3)
- Gabriël:** As gevolg van die Depressie het Gabriël sy familieplaas en al die diere (vark, skaap en bees) verloor. Hy het net genoeg geld oorgehad om 'n kleinhoewe en die pondokkie/huisie te koop waar hulle tans bly. Dit is as gevolg van die armoede van die Depressie dat Gabriël op die solder sit. Hy kon nie die finansiële terugslag hanteer nie en het ontsnap na die solder. Dit is sy manier van bevryding en om die realiteit van sy situasie te ontvlug. (3)
- Meisie:** Agv die armoede waaronder hulle gebukkend gaan, is daar nie geld vir Meisie vir mooi rokke en dinge waarvan 'n jong meisie hou nie. Sy kry net een nuwe rok per jaar. Sy leef afgesonderd saam met haar ma omdat al haar tyd in beslag geneem word deur haar take by die huis. Sy moet Miem help om goingsakke vol mis te maak, die huis aan die kant te maak en a.g.v. die stank van die mis elke dag klere was en stryk. Sy het nie veel van 'n sosiale lewe nie omdat die mis se stank enige voornemende kêrels afskrik. (3)
- 10.2 10.2.1 Dit is die aand van 31 Augustus. Op hierdie nag het daar elke jaar vir die afgelope twee jaar 'n jong meisie verdwyn. Die vrees dat dit weer gaan gebeur veroorsaak dat Gertie na Miem se huis toe vlug. (2)
- 10.2.2 Miem glo alles buite die huis is boos en onveilig. Sy en Gertie glo aan 'n moordenaar wat gaan toeslaan. Meisie moet beskerm word teen die bose/onheil wat buite rondloop. Miem wil die bose besweer deur Meisie binne die huis te hou om haar veilig te hou. Nadat sy die uil gehoor en dit as 'n teken van onheil geëien het, vlug Gertie na Miem se huis vir beskerming teen die boosheid wat gaan toeslaan. Dit is ironies aangesien 'die bose' (Konstabel) juis toeslaan in die plek wat sy as 'n veilige hawe sien (Miem se huis.)
- Meisie is so bang, dat sy alle vreemde geluide wat van buite af kom vrees. Die uil wat sy voor haar venster buite die huis hoor, word deel van die onheil/bose wat besweer moet word. Teen die slot van die drama weet ons dat die roep van die uil buite Meisie se venster 'n waarskuwingsteken was. (4)

- 10.2.3 Nasieners moet holisties nasien. Indien een tipe wind **in detail** beskryf word, moet punte daarvoor toegeken word.

Die klank van die wind dra by om die gemoedstemming te weerspieël. Dit beklemtoon die onheil wat buite rondbeweeg. In die uittreksel is daar 'n **huilwind**. Dit beeld Meisie se melancholiese/hartseer gemoedstoestand uit en verleen 'n spookagtigheid aan die drama. Dié wind klink soos fluisterstemme of soos lokkende roepstemme van buite af.

In die res van die toneelstuk kom daar nog twee tipes wind voor:

Sagte vlae wind wat met Meisie se vertelling saamgaan oor hoe sy die sirkus skelm besoek het. Hierdie vlae wind klink soos sagte, lokkende roepstemme van buite af. Dit simboliseer Meisie se behoefte om vry te wees, om na buite te gaan. Dat die wind in vlae waai, toon dat haar behoefte net soms na vore kom.

Harde vlae wind tydens Konstabel se vertelling van die sonsverduistering. Hierdie wind gee 'n bisarre gevoelswaarde aan die vertelling.

PUNTE	10.2.3	BESKRYWER
5–6	Uitstekend	Uitstekende bespreking van hoe wind atmosfeer en betekenis oordra. Die kandidaat bespreek die verskillende tipes wind op 'n omvattende manier. Hy/Sy toon 'n duidelike en volledige begrip van die wind se klankeffekte.
3–4	Gemiddeld	Die kandidaat bespreek nie al die aspekte van die wind as klankeffek nie. Hy/Sy fokus net op sommige aanwendings van die wind as klankeffek OF hy/sy bespreek al die tipes wind, maar brei nie uit oor hoe dit atmosfeer en betekenis oordra nie.
0–2	Swak	Die kandidaat verstaan nie die vraag nie. Noem die wind as klankeffek, maar die antwoord is vaag en is nie logies uiteengesit nie.

(3 x 2) (6)

- 10.2.4 (Nasieners moet holisties nasien en kan ander, kreatiewe en goed gemotiveerde antwoorde aanvaar.)

In die voorafgaande deel van die uittreksel kom ons te wete dat Gertie alreeds skrikkerig was vir die geluide binne haar huis. Wanneer sy dus in reël 9 praat van die uil wat sy gehoor het, moet haar stem spanning en ang verraai. Sy kan dit doen deur die hoër tone van haar stem te gebruik. Haar gesigsuitdrukking moet die kommer en ang weerspieël wat sy gevoel het toe sy die uil hoor roep het. Gertie se gemoedstoestand is een van vrees, en sy praat afgebroke, amper hortend, omdat haar gedagtes rondspring terwyl sy van haar angstigheid vertel. Haar liggaam sal die interne spanning wat sy voel, verraai. Haar arms en hande sal moontlik naby haar bolyf gehou word, en sy kan haar hande saamwring. Wanneer sy in reël 10 sê dat sy haar goedjies bymekaar geskraap het, sal sy dit met 'n vinniger pas sê om haar haas om uit die huis te kom, te weerspieël. Sy sal in die pouse daarna haar liggaam na Miem toe draai en direk na Miem toe kyk wanneer sy om verskoning vra dat sy so skielik by Miem opgedaag het.

(5)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING

AFDELING C is VERPLIGTEND.

VRAAG 11

(Nasieners moet daarvan bewus wees dat die kandidate die monoloog vir die eerste keer sien. Kreatiewe antwoorde en eie opinies moet aanvaar word, maar maak seker dat die antwoorde uit die monoloog gemotiveer is.)

- 11.1 Om volpunte te kry moet die kandidaat beide liggaam en stem noem. Kandidate moet EEN oefening vir die **stem** en EEN vir die **liggaam** beskryf. (4)
- 11.2 (Nasieners moet met diskresie nasien. Kandidate mag dalk 3 vokale eienskappe kies, en dan sal nasieners 2 punte vir elkeen toeken. Ander kandidate mag dalk twee tegnieke kies, maar sal 'n gedetailleerde verduideliking daarvan gee. In so 'n geval, ken 3 punte vir elkeen toe. Die volgende is slegs 'n riglyn.)
Stemtoon – die toon sal groeiende paniek of vrees of desperaatheid weerspieël. Teen die einde is daar 'n toon van gelatenheid of aanvaarding van sy lot.
Volume – begin met 'n medium of lae volume wat geleidelik harder word soos wat hy van huis tot huis hardloop terwyl hy huil en mense smeek om die deure oop te maak.
Pas – sal aanvanklik stadig wees, maar opbou om sy groeiende paniek te weerspieël as die seuns hom begin jaag.
(Aanvaar ander vokale eienskappe.) (6)
- 11.3 Die spreker behoort by hierdie ellipse vir dramatiese effek stil te bly (te pouseer.) Aanvaar dramatiese pouse. (2)
- 11.4 (Aanvaar kandidate se antwoorde as dit relevant en gepas is.)
Volpunte word toegeken vir 'n beskrywing van die tablo's/vriesposisies en nie net as die woorde 'tablo' en 'vries' neergeskryf is nie. (3)
- [15]

VRAAG 12

- 12.1 (Aanvaar 'n Ja of Nee antwoord indien dit goed gestaaf is.)
Ja, want Fisiese Teater omvat 'n breë omvang van teatervorme, soos sirkusteater, narrespel, mimiek, commedia, dans, akrobatiek, visuele teater ens. Fisiese Teater vra krag, ratsheid, soepelheid ens. – al hierdie eienskappe word deur die opvoering op die foto gedemonstreer.
Nee, dit is 'n kontemporêre dansitem of 'n bewegingstuk.
1 Punt vir Ja/Nee en 2 punte vir die motivering. (3)
- 12.2 (Aanvaar óf toneelstuk óf Fisiese Teater.)
Fisiese teater – lewendiger, opwindender, treffender om na te kyk. Dit hou die aandag van die gehoor en wek spanning by hulle terwyl 'n toneelstuk vervelig kan raak omdat daar so baie woorde is en dit nie baie aksie bevat nie.
Toneelstuk – Indien dit veral 'n realistiese toneelstuk is, kan 'n mens maklik met die karakters en die storielyn identifiseer. Dit is nie maklik om die storielyn van 'n Fisiese Teaterstuk te volg nie omdat die simbole wat daarin gebruik word nie altyd duidelik is nie. (4)
- 12.3 (Aanvaar ander antwoorde wat goed gestaaf is.)
Albei aanbiedings sal energiek, lewendig en opwindend wees om na te kyk as die akteurs in Fisiese Teater opgelei is. Met hedendaagse produksies word beide mans en vrouens opgelei sodat hulle fisies fiks is en dus sal albei in staat wees om uitstekende opvoerings voort te bring. Daarby gaan Fisiese Teater oor hoe die liggaam gebruik word om te kommunikeer – en albei groepe kan dit doen.
Party kandidate mag dalk sê dat mans meer krag aan die opvoering kan toevoeg. Mans kan ander liggame optel ens. wat meer opwindend aan die opvoering verleen.
Die keuse van geslag wat kandidate kies, kan afhang van die onderwerpsmateriaal wat die kandidaat gekies het. (4)

- 12.4 Die liggaam word gebruik as 'n middel om 'n boodskap mee te kommunikeer. In BRON A gebruik al die akteurs/dansers hulle liggame om bepaalde gebare en bewegings te beklemtoon. Hulle is aan mekaar verbind d.m.v die tou. Dit lyk asof hulle saamwerk en mekaar ondersteun om een lid van die span op te lig. Hulle liggame wys krag en vasberadenheid. Hulle is bereid om risiko's te neem en hulself uit te daag om hulle omvang van liggaamsuitdrukking te verhoog. Daar is 'n dinamiese verhouding tussen die akteurs/dansers met mekaar en met die omgewing. Hulle gebruik die ruimte op 'n kreatiewe manier. Wanneer ons woorde gebruik, word betekenis beperk tot 'n bepaalde konteks. Wanneer ons egter die liggaam gebruik om te kommunikeer, word betekenis aan die verbeelding van die gehoor oorgelaat wat hulle eie interpretasie en betekenis bepaal. Wanneer ons praat, is oogkontak met die gehoor essensieel, maar in 'n Fisiese Teaterstuk raak die liggaam die instrument van kommunikasie. Dus kan 'n boodskap van krag, ondersteuning en spanwerk beklemtoon word selfs al is die akteurs/dansers se rûe na die gehoor toe gedraai.

PUNTE	12.4	BESKRYWER
5–6	Goed	Kandidaat demonstreer begrip van die stelling. Ondersteun antwoord met verwysing na die teorie oor Fisiese Teater. Kandidaat lewer kommentaar oor hoe die liggaam 'n instrument vir kommunikasie is en hoe dit in die bron getoon word. Kandidaat is in staat om Fisiese Teater teorie te verbind met die bron wat gegee is.
3–4	Gemiddeld	Kandidaat verduidelik die stelling en probeer om die antwoord te ondersteun met verwysing na die bron. Hy/Sy is geneig om in die algemeen eerder na die bron te kyk as om op die liggaam te fokus.
0–2	Swak	Kandidaat is geneig om veralgemenende stellings te maak oor die geldigheid van die stelling en staaf nie of gee nie enige verwysings nie.

(6)

- 12.5 (Subjektiewe antwoord word vereis. Nasieners kan Ja, Nee of Soms aanvaar as dit goed gestaaf is.)

(3)

- 12.6 (Aanvaar enige TWEE vaardighede.)

Die volgende is slegs 'n voorstel.

Leerders moet fisies fiks en rats wees. Hulle moet gemaklik met hulself wees en ook gemaklik wees om baie naby aan mekaar te werk. Hulle moet bereid wees om van hulle vrese en inhibisies ontslae te raak en met die teenoorgestelde geslag te werk. Met ander woorde, hulle moet in 'n span kan saamwerk. Hulle moet mekaar vertrou, veral wanneer hulle mekaar optel ens. Hulle moet gewillig en bereid wees om tyd en moeite in te sit om die bewegings van 'n bewegingstuk te leer. Hulle moet ook gereeld repetisies bywoon.

(4)

- 12.7 (Aanvaar kandidaat se antwoorde indien dit goed gestaaf is.)

Aanvaar drie faktore wat goed gemotiveer is of ses punte wat kortliks bespreek is. Ken twee punte toe as vaardighede bloot gelys word sonder enige motivering.

Kan die manier insluit waarop ruimte, vlakke, energie, keuse van musiek, vokale eienskappe, rekvisiete ens. gebruik is.

(6)

[30]

VRAAG 13

Kies enige EEN van die volgende drie vrae.

13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

PUNTE	13.1	BESKRYWER
12–15	Uitstekend	Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy kan opvoerings wat gesien is, teaterpraktisyns of eie ervaring by die aanhaling betrek. Kandidaat is in staat om 'n argument te bou wat die waarheid van die aanhaling staaf en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van die impak wat die gehoor op 'n akteur en sy vertoning het.
9–11	Goed	Kandidaat is in staat om ten minste een van die volgende te betrek om die waarheid van die aanhaling te ondersteun: opvoerings wat gesien is, dramapraktisyns of eie ervaring. Hy/Sy gebruik voorbeelde van die impak wat die gehoor op 'n akteur en sy vertoning het.
6–8	Gemiddeld	Kandidaat moet voorbeelde gee van óf opvoerings wat gesien is, óf teaterpraktisyns óf eie ervaring, maar is nie altyd in staat om dit te betrek by die aanhaling nie. Betrek soms per toeval die aanhaling.
4–5	Elementêr	Kandidaat kry dit reg om sommige voorbeelde te gee van opvoerings wat gesien is, teaterpraktisyns of eie ervaring, maar is selde in staat om dit by die aanhaling te betrek.
0–3	Swak	Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van die rol van die gehoor, maar het glad nie die vermoë om opvoerings wat gesien is, teaterpraktisyns of eie ervaring te betrek by die aanhaling nie. Maak oor die algemeen stellings wat op 'n baie eenvoudige manier betrekking het op een of meer van die punte.

[15]

OF

13.2 MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)

PUNTE	13.2	BESKRYWER
12–15	Uitstekend	Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy bespreek die gewildheid van werklikheidsprogramme op 'n omvattende manier deur te fokus op tegnieke wat gebruik is, gehoordeelname en die mediapublisiteit wat geskep word. Hy/Sy betrek die eienskappe van werklikheidsprogramme en die gewildheid daarvan by die stelling. Kandidaat is in staat om 'n argument te bou wat die waarheid van die aanhaling ondersteun en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde uit hedendaagse werklikheidsprogramme om sy/haar antwoord te staaf.
9–11	Goed	Kandidaat is in staat om ten minste een van die volgende te betrek om die gewildheid van werklikheidsprogramme te bespreek: tegnieke wat in werklikheidsprogramme gebruik word; gehoordeelname en die media publisiteit wat geskep word. Kandidaat verbind sy/haar antwoord met die stelling. Hy/Sy gebruik konkrete voorbeelde uit werklikheidsprogramme om hul antwoord te staaf.
6–8	Gemiddeld	Kandidaat moet aansluiting kan vind by die aanhaling. Hy/Sy gee voorbeelde van óf die tegnieke wat in werklikheidsprogramme gebruik word, óf gehoordeelname óf die mediapublisiteit wat geskep word, maar is nie altyd in staat om dit ten volle by die aanhaling te betrek nie.
4–5	Elementêr	Kandidaat kry dit reg om sommige voorbeelde van die tegnieke wat gebruik word in werklikheidsprogramme, gehoordeelname of mediapublisiteit te gee, maar is selde in staat om dit by die vraag te betrek.
0–3	Swak	Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van realiteitsprogramme, maar het nie die vermoë om die tegnieke van werklikheidsprogramme, gehoordeelname of die mediapublisiteit enigsins by die aanhaling te betrek nie. Hy/Sy maak oor die algemeen stellings wat op 'n baie eenvoudige manier betrekking het op een of meer van die punte.

[15]

OF

13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

PUNTE	13.3	BESKRYWER
12–15	Uitstekend	Dit is duidelik dat die kandidaat die vraag verstaan en hy/sy bespreek die stellings wat gemaak is op 'n omvattende wyse, deur te fokus op die selfversterkingseremonie, 'n ander kulturele seremonie en die akteur-gehoor-verhouding. Hy/sy bring die kenmerke van die selfversterkingseremonie en ander kulturele seremonies in verband met die stelling. Kandidaat is in staat om 'n argument te bou wat die waarheid van die stelling staaf en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde uit kulturele seremonies om sy/haar bespreking van die verhouding tussen die akteur en die gehoor te ondersteun.
9–11	Goed	Kandidaat is in staat om ten minste een van die volgende te betrek om die stelling te bespreek: die selfversterkingseremonie, 'n ander kulturele seremonie en die akteur-gehoor-verhouding. Kandidaat verbind sy/haar antwoord met die stelling. Hy/sy gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van hierdie stelling te bespreek.
6–8	Gemiddeld	Kandidaat moet aansluiting kan vind by die aanhaling. Hy/sy gee voorbeelde van óf die selfversterkingseremonie, óf 'n ander kulturele seremonie óf die akteur-gehoor-verhouding, maar is nie altyd in staat om dit ten volle by die vraag te betrek nie.
4–5	Elementêr	Kandidaat kry dit reg om 'n paar voorbeelde van die selfversterkingseremonie, 'n ander kulturele seremonie of die akteur-gehoor-verhouding te gee, maar is selde in staat om dit by die stelling te betrek.
0–3	Swak	Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van kulturele seremonies. Oor die algemeen is stellings wat betrekking het op die antwoord per toeval reg.

[15]

TOTAAL AFDELING C: 60
GROOTTOTAAL: 150